# EENHEID
**die sleutel tot sukses**

## WAAROM EENHEID?

1. **Sodat die wêreld kan glo.**

   **Joh. 17:20-21**

   20 Maar Ek bid nie vir hulle alleen nie, maar ook vir die wat deur hulle woord in My sal glo.
   21 Dat almal een mag wees net soos U, Vader, in My en Ek in U; dat hulle ook in Ons een mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het.

2. **God se pad na seëninge.**

   **Ps. 133**

## PAULUS SE OPROEP

**Eff. 4:3**

En ernstig strewe om die eenheid van die Gees te bewaar deur die band van die vrede.

Strewe (Endeavoring) = werkwoord, 'n aksie
Hoe? = to make effort
Deur die band van vrede.

## ONS EERSTE BEDIENING

**2 Kor. 5:17-18**

17 Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword.
18 En dit alles is uit God wat ons met Homself versoen het deur Jesus Christus en ons die bediening van die versoening gegee het.

## BYBELSE KONFLIKHANTERING

**Matt. 18:15-17**

15 En as jou broeder teen jou sondig, gaan bestraf hom tussen jou en hom alleen. As hy na jou luister, dan het jy jou broeder gewin;
16 Maar as hy nie luister nie, neem nog een of twee met jou saam, sodat in die mond van twee of drie getuies elke woord kan vasstaan.
17 En as hy na hulle nie luister nie, sê dit aan die gemeente; en as hy na die gemeente ook nie luister nie, laat hom vir jou wees soos die heiden en die tollenaar.

## INSTRUMENT VAN VYAND

**Rom. 6:13**

En moenie julle lede stel tot beskikking van die sonde as werktuie van ongeregtigheid nie, maar stel julleself tot beskikking van God as mense wat uit die dode lewend geword het, en julle lede as werktuie van geregtigheid in die diens van God.